



MENIKO

DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Offisiële Koerant



THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

Vol. 208]

PRYS 5c

PRETORIA, 29 JANUARIE 1969
29 JANUARY

PRICE 5c

[No. 3368

No. 7 (Administrateurs-), 1969

PROKLAMASIE

*deur Sy Edele die Administrateur van die
Provinsie Transvaal*

Nademaal Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958, van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede by Proklamasie 228 van 1959, ingevolge artikel 43 van die Dorpe- en Dorpsaanlegordonnansie, 1931, goedgekeur is;

En nademaal dit wenslik geag word om genoemde Dorpsaanlegskema in sekere opsigte te wysig;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by artikel 46 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958, van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, hierby gewysig word soos aangedui in die skemaklousules en op Kaart 3, in bewaring gehou deur die Sekretaris van die Dorperaad, Pretoria, en die Sekretaris, Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, Pretoria en Johannesburg; hierdie wysiging staan bekend as Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema 126.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Tiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 5/2/73/126.

No. 8 (Administrateurs-), 1969

PROKLAMASIE

*deur Sy Edele die Administrateur van die
Provinsie Transvaal*

Nademaal Dorpsaanlegskema 1, 1946, van die Stadsraad van Johannesburg by Proklamasie 132 van 1946 ingevolge artikel 43 van die Dorpe- en Dorpsaanlegordonnansie, 1931, goedgekeur is;

En nademaal dit wenslik geag word om genoemde Dorpsaanlegskema in sekere opsigte te wysig;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by artikel 46 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat Dorpsaanlegskema 1, 1946, van die Stadsraad van Johannesburg, hierby gewysig word soos aangedui in die skemaklousules en op Kaart 3, in bewaring gehou deur die Sekretaris van die Dorperaad, Pretoria, en die Stadsklerk, Johannesburg. Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-dorpsaanlegskema 1/266.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Dertiende dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 5/2/25/266.

9-36101

No. 7 (Administrator's), 1969

PROCLAMATION

*by the Honourable the Administrator of the
Province of Transvaal*

Whereas Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, was approved by Proclamation 228 of 1959, in terms of section 43 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931;

And whereas it is deemed expedient to amend the said Town-planning Scheme in certain respects;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 46 of the said Ordinance, I hereby declare that Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, is hereby amended as indicated in the scheme clauses and on Map 3, filed with the Secretary of the Townships Board, Pretoria, and the Secretary, Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, Pretoria and Johannesburg; this amendment is known as Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme 126.

Given under my Hand at Pretoria on this Tenth day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.D. 5/2/73/126.

No. 8 (Administrator's), 1969

PROCLAMATION

*by the Honourable the Administrator of the
Province of Transvaal*

Whereas Town-planning Scheme 1, 1946, of the City Council of Johannesburg, was approved by Proclamation 132 of 1946, in terms of section 43 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931;

And whereas it is deemed expedient to amend the said Town-planning Scheme in certain respects;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 46 of the said Ordinance, I hereby declare that Town-planning Scheme 1, 1946, of the City Council of Johannesburg, is hereby amended as indicated in the scheme clauses and on Map 3, filed with the Secretary of the Townships Board, Pretoria, and the Town Clerk, Johannesburg. This amendment is known as Johannesburg Town-planning Scheme 1/266.

Given under my Hand at Pretoria on this Thirteenth day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.D. 5/2/25/266.

No. 9 (Administrateurs-), 1969

PROKLAMASIE*deur Sy Edele, die Administrateur van die Provinsie Transvaal*

Nademaal Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanleg-skema, 1958, van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede by Proklamasie 228 van 1959, ingevolge artikel 43 van die Dorpe- en Dorpsaanleg-ordonnansie, 1931, goedgekeur is;

En nademaal dit wenslik geag word om genoemde Dorpsaanlegskema in sekere opsigte te wysig;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdheid wat by artikel 46 van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958, van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, hierby gewysig word soos aangedui in die skemaklousules en op Kaart 3, in bewaring gehou deur die Sekretaris van die Dorperaad, Pretoria, en die Sekretaris, Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, Pretoria en Johannesburg; hierdie wysiging staan bekend as Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema: Wysigende Skema 125.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Derde dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 5/2/73/125.

No. 9 (Administrator's), 1969

PROCLAMATION*by the Honourable the Administrator of the Province of Transvaal*

Whereas Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, was approved by Proclamation 228 of 1959, in terms of section 43 of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931;

And whereas it is deemed expedient to amend the said Town-planning Scheme in certain respects;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 46 of the said Ordinance, I hereby declare that Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, is hereby amended as indicated in the scheme clauses and on Map 3, filed with the Secretary of the Townships Board, Pretoria, and the Secretary, Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas, Pretoria and Johannesburg; this amendment is known as Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme: Amending Scheme 125.

Given under my Hand at Pretoria on this Third day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

S. G. J. VAN NIEKERK,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 5/2/73/125.

No. 10 (Administrateurs-), 1969

PROKLAMASIE*deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal*

Nademaal dit dienstig geag word om die Gesondheidskomitee Witpoort te ontbind en sy regsgebied in die regsgebied van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede op te neem;

En nademaal genoemde Raad 'n plaaslike gebiedskomitee vir die gebied aldus opgeneem te word, wens in te stel;

En nademaal dit dienstig geag word dat so 'n plaaslike gebiedskomitee ingestel word;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdheid aan my verleen, by hierdie Proklamasie geproklameer—

(a) dat ingevolge artikel 124 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Gesondheidskomitee Witpoort met ingang van 1 Februarie 1969 opgehef word;

(b) dat ingevolge artikel 14 (2) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, die regsgebied van die Gesondheidskomitee aldus opgehef met ingang van 1 Februarie 1969 opgeneem word in die regsgebied van die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede; en

(c) dat ingevolge artikel 21 (1) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, 'n plaaslike gebiedskomitee vir

No. 10 (Administrator's), 1969

PROCLAMATION*by the Honourable the Administrator of the Province of Transvaal*

Whereas it is deemed expedient that the Witpoort Health Committee be disestablished and that its area of jurisdiction be included in the area of jurisdiction of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas;

And whereas the said Board is desirous of establishing a local area committee for the said area to be so included;

And whereas it is deemed expedient that such a local area committee be established;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me, I do by this Proclamation proclaim—

(a) that in terms of section 124 of the Local Government Ordinance, 1939, the Witpoort Health Committee shall with effect from 1 February 1969, be disestablished;

(b) that in terms of section 14 (2) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, the area of jurisdiction of the disestablished health committee shall with effect from 1 February 1969, be included in the area of jurisdiction of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas; and

(c) that in terms of section 21 (1) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, a local area committee to be styled the

die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, wat bekend staan as die Plaaslike Gebiedskomitee van Witpoort, met ingang van 1 Februarie 1969 ingestel word met 'n ledetal van ses, met jurisdiksie oor die gebied soos omskryf in die Bylae hierby.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Negende dag van Januarie Eenduisend Nege-honderd Nege-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK,
 Administrateur van die Provinsie Transvaal.
 T.A.L.G. 3/1/107.

BYLAE

BESKRYWING VAN GEBIED OPGENEEM IN DIE RAAD SE REGSGEBIED EN TEN OPSIGTE WAARVAN DIE PLAASLIKE GEBIEDSKOMITEE VAN WITPOORT GESTIG IS

Begin by die noordwestelike baken van Gedeelte 10 (Kaart L.G. A4200/62) van die plaas Leeuwfontein 29 HP; daarvandaan noordooswaarts, algemeen noordwaarts en algemeen noordooswaarts langs die grense van die volgende gedeeltes van die plaas Leeuwfontein 29 HP sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: die genoemde Gedeelte 10, Gedeelte 11 (Kaart L.G. A4201/62), Gedeelte 4 (Kaart L.G. A1065/08), die genoemde Gedeelte 11 en Gedeelte 12 (Kaart L.G. A4202/62) tot by die noordoostelike baken van die laasgenoemde gedeelte; daarvandaan suidooswaarts, suidweswaarts en noordweswaarts langs die grense van die volgende gedeeltes van die plaas Leeuwfontein 29 HP sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: die genoemde Gedeelte 12, Gedeelte 11 (Kaart L.G. A4201/62) en Gedeelte 10 (Kaart L.G. A4200/62) tot by die noordwestelike baken van die laasgenoemde gedeelte, die beginpunt.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 53 29 Januarie 1969
VERKIESING VAN LID.—SKOOLRAAD VAN STANDERTON

Ds. Machiel Wilhelmus Odendaal, 'n predikant van Bolognaweg 43, Evander, is verkies tot lid van bogenoemde Raad en het sy amp aanvaar op 6 Desember 1968.

Administrateurskennisgewing 54 29 Januarie 1969
VERKIESING VAN LID.—SKOOLRAAD VAN PRETORIA-DISTRIK

Mnr. Willem Frederik Ulrich Steynberg, 'n boer van Sybrandskraal, Pk. Sybrandskraal, is verkies tot lid van bogenoemde Raad en het sy amp aanvaar op 15 November 1968.

Administrateurskennisgewing 55 29 Januarie 1969
MUNISIPALITEIT RUSTENBURG.—A A N N A M E VAN STANDAARD-REGLEMENT VAN ORDE

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad Rustenburg die Standaard-Reglement van Orde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1049 van 16 Oktober 1968, ingevolge artikel 96 bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

2. Administrateurskennisgewing 742 van 23 September 1964 word hierby herroep.

T.A.L.G. 5/86/31.

Witpoort Local Area Committee, shall with effect from 1 February 1969, be established for the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas with a membership of six with jurisdiction over the area described in the Schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Ninth day of January, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

S. G. J. VAN NIEKERK,
 Administrator of the Province of Transvaal.
 T.A.L.G. 3/1/107.

SCHEDULE

DESCRIPTION OF AREA INCLUDED IN THE BOARD'S AREA OF JURISDICTION AND IN RESPECT OF WHICH THE WITPOORT LOCAL AREA COMMITTEE IS ESTABLISHED

Beginning at the north-western beacon of Portion 10 (Diagram S.G. A4200/62) of the farm Leeuwfontein 29 HP; proceeding thence north-eastwards, generally northwards and generally north-eastwards along the boundaries of the following portions of the farm Leeuwfontein 29 HP so as to include them in this area: the said Portion 10, Portion 11 (Diagram S.G. A4201/62), Portion 4 (Diagram S.G. A1065/08), the said Portion 11 and Portion 12 (Diagram S.G. A4202/62) to the north-eastern beacon of the last-named portion; thence south-eastwards, south-westwards and north-westwards along the boundaries of the following portions of the farm Leeuwfontein 29 HP so as to include them in this area: the said Portion 12, Portion 11 (Diagram S.G. A4201/62) and Portion 10 (Diagram S.G. A4200/62) to the north-western beacon of the last-named portion, the place of beginning.

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 53 29 January 1969
ELECTION OF MEMBER.—STANDERTON SCHOOL BOARD

The Rev. Machiel Wilhelmus Odendaal, a minister of religion of 43 Bologna Road, Evander, has been elected as a member of the above-mentioned Board and assumed office on 6 December 1968.

Administrator's Notice 54 29 January 1969
ELECTION OF MEMBER.—PRETORIA DISTRICT SCHOOL BOARD

Mr Willem Frederik Ulrich Steynberg, a farmer of Sybrandskraal, P.O. Sybrandskraal, has been elected as a member of the above-mentioned Board and assumed office on 15 November 1968.

Administrator's Notice 55 29 January 1969
RUSTENBURG MUNICIPALITY.—ADOPTION OF STANDARD STANDING ORDERS

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Rustenburg has in terms of section 96 bis (2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Standing Orders, published under Administrator's Notice 1049, dated 16 October 1968, as by-laws made by the said Council.

2. Administrator's Notice 742, dated 23 September 1964, is hereby revoked.

T.A.L.G. 5/86/31.

Administrateurskennisgewing 56 29 Januarie 1969
**MUNISIPALITEIT PIETERSBURG.—AANNAME
 VAN STANDAARD-REGLEMENT VAN ORDE**

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad Pietersburg die Standaard-Reglement van Orde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1049 van 16 Oktober 1968, ingevolge artikel 96 bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

2. Administrateurskennisgewing 357 van 11 Desember 1963 word hierby herroep.

T.A.L.G. 5/86/24.

Administrateurskennisgewing 57 29 Januarie 1969
**KENNISGEWING VAN VERBETERING
 MUNISIPALITEIT LESLIE.—DORPSGRONDE-
 VERORDENINGE**

Administrateurskennisgewing 1136 van 13 November 1968 word hierby verbeter deur in artikel 7 (2) (c) (ii) onder wysiging 5 die woorde "stuks kleinvee" deur die uitdrukking "skape, bokke of varke" te vervang.

T.A.L.G. 5/95/2.

Administrateurskennisgewing 58 29 Januarie 1969
**MUNISIPALITEIT TZANEEN.—WYSIGING VAN
 RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE
 EN VERORDENINGE VIR DIE LISENSIERING EN
 REGULASIE VAN LOODGIETERS EN RIOOL-
 LEÛERS**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge en Verordeninge vir die Lisensiering en Regulasie van Loodgieters en Rioolleërs van die munisipaliteit Tzaneen, afgekondig by Administrateurskennisgewing 497 van 23 Julie 1958, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur in artikel 98 (2) die woorde "in die geval van spesiale woonerwe" te skrap.

2. Deur in artikel 98 (2) (b) na die woord "kerksale" die uitdrukking "pastorieë" in te voeg.

3. Deur in artikel 98 (3) die woord "bewoonde" deur die woord "beboude" te vervang. T.A.L.G. 5/34/71.

Administrateurskennisgewing 59 29 Januarie 1969
**VOORGESTELDE OPHEFFING OF VERMINDE-
 RING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS
 BOSCHPLAATS 91 JR, DISTRIK PRETORIA**

Met die oog op 'n aansoek ontvang namens mnr. H. Braude, om die opheffing of vermindering van die serwituut van uitspanning, groot 1/75ste van 4,651 morg 526 vierkante roede, waaraan die restant van die plaas Boschplaats 91 JR, distrik Pretoria, onderworpe is, is die Administrateur van voornemens om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) van artikel ses-en-veftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne drie maande vanaf datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatstak 2, Môregloed, Pretoria, skriftelik in te dien.

D.P. 01-012-37/3/B.8.

Administrator's Notice 56 29 January 1969
**PIETERSBURG MUNICIPALITY.—ADOPTION OF
 STANDARD STANDING ORDERS**

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Pietersburg has in terms of section 96 bis (2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Standing Orders, published under Administrator's Notice 1049, dated 16 October 1968, as by-laws made by the said Council.

2. Administrator's Notice 357, dated 11 December 1963, is hereby revoked.

T.A.L.G. 5/86/24.

Administrator's Notice 57 29 January 1969
**CORRECTION NOTICE
 LESLIE MUNICIPALITY.—TOWN LANDS
 BY-LAWS**

Administrator's Notice 1136, dated 13 November 1968, is hereby corrected by the substitution in section 7 (2) (c) (ii) under amendment 5 in the Afrikaans text for the words "stuks kleinvee" of the expression "skape, bokke of varke".

T.A.L.G. 5/95/92.

Administrator's Notice 58 29 January 1969
**TZANEEN MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO
 DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS AND BY-
 LAWS FOR THE LICENSING AND REGULATING
 OF PLUMBERS AND DRAINLAYERS**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing By-laws and By-laws for the Licensing and Regulating of Plumbers and Drainlayers, published under Administrator's Notice 497, dated 23 July 1958, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the deletion in section 98 (2) of the words "in the case of special residential plots".

2. By the insertion in section 98 (2) (b) after the word "halls", of the expression "parsonages".

3. By the substitution in section 98 (3) for the words "occupied premises" of the words "premises on which buildings have been erected and". T.A.L.G. 5/34/71.

Administrator's Notice 59 29 January 1969
**PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF
 OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM BOSCH-
 PLAATS 91 JR, DISTRICT OF PRETORIA**

In view of an application having been made on behalf of Mr H. Braude, for the cancellation or reduction of the servitude of outspan, in extent 1/75th of 4,651 morgen 526 square roods, to which the remainder of the farm Boschplaats 91 JR, District of Pretoria, is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (iv) of subsection (1) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge objections, in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 2, Môregloed, Pretoria, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*. D.P. 01-012-37/3/B.8.

Administrateurskennisgewing 60

29 Januarie 1969

MUNISIPALITEIT NELSPRUIT.—WYSIGING VAN SANITÊRE EN VULLISVERWYDERINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitêre en Vullisverwyderinge van die Munisipaliteit Nelspruit, afgekondig by Administrateurskennisgewing 580 van 5 Julie 1967, word hierby as volg gewysig:—

1. Deur artikel 14 deur die volgende te vervang:—

“14. (1) Dit is 'n misdryf as iemand afval plaas in 'n straat of publieke plek of in 'n houer wat aan die Raad behoort en vir sy gebruik afgesonder is: Met dien verstande dat spesiale afval van die volgende aard op die dae en tye en 'n plek wat vir die besondere perseel deur die Raad as gerieflik goedgekeur is, vir verwydering geplaas kan word:—

(a) Massavullis wat verwyder moet word deur die Raad ten behoeve van die eenaar of okkupant van die perseel by betaling van die gelde wat daarvoor ingevolge die Bylae hierby betaalbaar is.

(b) Tuinvullis. Sodanige vullis word kosteloos verwyder: Met dien verstande dat indien sodanige vullis op enige ander dag as die dae deur die Raad as gerieflik goedgekeur, aldus geplaas word, dit vir die toepassing van hierdie verordeninge as massavullis beskou word.

(2) Vir die toepassing van hierdie verordeninge beteken—

(a) ‘massavullis’ vullis wat weens die hoeveelheid, aard, omvang of gewig daarvan na die mening van die Mediese Gesondheidsbeampte ongeskik is om in 'n vullisblik geplaas te word of as tuinvullis verwyder te word: Met dien verstande dat boumateriaal of enige afvalstowwe of materiaal wat gebruik is vir of afkomstig is van geboue of boubedrywighede, uitgesluit word;

(b) ‘tuinvullis’ sodanige produkte of voorwerpe of albei wat verwyder moet word om 'n gevestigde tuin in stand te hou en sluit in snysels van grasperke en hegge, dooie blomplante en blomme wat klaar gebloom het, bossies en gras wat uit die tuin geskoffel word, boom- en struiksnysels, maar dit sluit nie bome of struike, grond en klippe of hegge in wat uitgehaal word om die tuinuitleg te wysig nie, en wat as massavullis behandel moet word.”

2. Deur item 2 van die Sanitêre Tarief onder die Bylae deur die volgende te vervang:—

“(2) *Verwydering van vullis:*—

	R c
(1) (a) Een of twee maal per week uit woonstelle en huurkamers, per woonstel of huurkamer, per maand of gedeelte daarvan	0 50
(b) Drie maal per week, per woonstel of huurkamer, per maand of gedeelte daarvan	0 70
(c) Daaglik per woonstel of huurkamer, per maand of gedeelte daarvan	1 00

(2) Vir die verwydering van vullis van elk van die volgende persele: Persele aangewend vir liefdadigheidsdoeleindes, kerke, woonhuise en hospitale:—

(a) Een of twee maal per week per blik, per maand of gedeelte daarvan	0 70
(b) Drie maal per week per blik, per maand of gedeelte daarvan	0 85
(c) Daaglik per blik, per maand of gedeelte daarvan	1 15

Administrator's Notice 60

29 January 1969

NELSPRUIT MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVAL BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removal By-laws of the Nelspruit Municipality, published under Administrator's Notice 580, dated 5 July 1967, are hereby amended as follows:—

1. By the substitution for section 14 of the following:—

“14. (1) It shall be an offence to deposit any refuse in any street or public place or in any receptacle belonging to the Council and reserved for its use: Provided that special refuse of the following nature may be deposited for collection on the days and at the times and in a position convenient to the particular premises as approved by the Council:—

(a) Bulk refuse to be removed by the Council on behalf of the owner or occupier of the premises on payment of the charges prescribed in terms of the Schedule hereto.

(b) Garden refuse. Such refuse shall be removed free of charge: Provided that if such refuse is so deposited on any other day than the days approved by the Council as convenient, it shall for the purposes of these by-laws be deemed to be bulk refuse.

(2) For the purposes of these by-laws—

(a) ‘bulk refuse’ means refuse which, owing to the quantity, nature, extent or weight thereof is, in the opinion of the Medical Officer of Health, not suitable for placing in a refuse bin or removal as garden refuse: Provided that building material or any debris or material used for or derived from buildings or building activities shall be excluded;

(b) ‘garden refuse’ means such products or objects or both which are to be removed to maintain an established garden and includes trimmings from lawns and hedges, dead flower plants or flowers which have already blossomed, bush and grass cleared from the garden, tree and shrub prunings, but shall not include trees or shrubs, ground or rocks or hedges which have been removed to alter the outlay of the garden, and which shall be treated as bulk refuse.”

2. By the substitution for item 2 of the Sanitary Tariff under the Schedule of the following:—

“2. *Removal of refuse:*—

	R c
(1) (a) Once or twice per week from flats and lodging rooms, per flat or lodging room, per month or part thereof	0 50
(b) Three times per week, per flat or lodging room, per month or part thereof	0 70
(c) Daily per flat or lodging room, per month or month or part thereof	1 00

(2) For the removal of refuse from each of the following premises: Premises used for charitable purposes, churches, dwellings and hospitals:—

(a) Once or twice per week per bin, per month or part thereof	0 70
(b) Three times per week per bin, per month or part thereof	0 85
(c) Daily per bin, per month or part thereof	1 15

	R c
(3) Vir die verwydering van vullis van enige perseel nie in subiteme (1) en (2) vermeld nie:—	
(a) Een of twee maal per week, per blik, per maand of gedeelte daarvan	0 80
(b) Drie maal per week per blik, per maand of gedeelte daarvan	1 10
(c) Daaglik per blik, per maand of gedeelte daarvan	1 50
(4) Vir die verwydering van massavullis, per vrug of gedeelte daarvan	2 50".

T.A.L.G. 5/81/22.

	R c
(3) For the removal of refuse from any premises not mentioned in subiteme (1) and (2):—	
(a) Once or twice a week per bin, per month or part thereof	0 80
(b) Three times per week per bin, per month or part thereof	1 10
(c) Daily per bin, per month or part thereof ...	1 50
(4) For the removal of bulk refuse, per load or portion thereof	2 50".

T.A.L.G. 5/81/22.

Administrateurskennisgewing 61

29 Januarie 1969

PADREËLINGS OP DIE PLAAS BUFFELSHOEK 446, REGISTRASIEAFDELING KQ, DISTRIK THABAZIMBI

Met die oog op 'n aansoek ontvang van Lady Lock Beesplaas (Edms.) Bpk. om die sluiting van 'n openbare pad op die restant gedeelte van Gedeelte B van die plaas Buffelshoek 446, Registrasieafdeling KQ, distrik Thabazimbi, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel *agt-en-twintig* van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne 30 dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 2063, Rustenburg, skriftelik in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *nege-en-twintig* van genoemde Ordonnansie word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die bedrag van R10 ten opsigte van die koste van 'n kommissie wat aangestel word ooreenkomstig artikel *dertig* van genoemde Ordonnansie, as gevolg van sulke besware.

D.P. 08-086-23/24/B/2.

Administrateurskennisgewing 62

29 Januarie 1969

WYSIGING VAN ADMINISTRATEURSKENNISGEWING 1042 VAN 9 OKTOBER 1968, IN VERBAND MET 'N GEDEELTE VAN DIE VERKLAARDE OPENBARE GROOTPAD EN DEURPAD (ROETE T1-22, NUUT), BEKEND AS PRETORIASE OOSTELIKE VERBYPAD, DISTRIK PRETORIA

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, kragtens die bepalings van subartikel (3A) van artikel vyf van die Padordonnansie, 22 van 1957, goedgekeur het dat Administrateurskennisgewing 1042 van 9 Oktober 1968, gewysig word deur die vervanging van die sketsplanne waarna in die gesegde kennisgewing verwys word deur die bygaande nuwe sketsplanne met koördinate. Hierdie kennisgewing moet gelees word met Administrateurskennisgewings 282 van 13 Maart 1968 en 616 van 18 Augustus 1965.

D.P.H. 012-23/20/4/T1-21, Deel IV.

Administrator's Notice 61

29 January 1969

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM BUFFELSHOEK 446, REGISTRATION DIVISION KQ, DISTRICT OF THABAZIMBI

In view of an application having been made by Lady Lock Beesplaas (Edms.) Bpk. for the closing of a public road on the remaining portion of Portion B of the farm Buffelshoek 446, Registration Division KQ, District of Thabazimbi, it is the Administrator's intention to take action in terms of section *twenty-eight* of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections in writing with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 2063, Rustenburg, within 30 days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

In terms of subsection (3) of section *twenty-nine* of the said Ordinance, it is notified for general information that if any objection to the said application is taken, but is thereafter dismissed, the objector may be held liable for the amount of R10 in respect of the costs of a commission appointed in terms of section *thirty* of the said Ordinance, as a result of such objection. D.P. 08-086-23/24/B/2.






Administrator's Notice 62

29 January 1969


AMENDMENT OF ADMINISTRATOR'S NOTICE 1042, DATED 9 OCTOBER 1968, IN CONNECTION WITH A PORTION OF THE DECLARED PUBLIC MAIN ROAD AND THROUGHWAY (ROUTE T1-22, NEW) KNOWN AS THE PRETORIA EASTERN BYPASS, DISTRICT OF PRETORIA




It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, in terms of subsection (3A) of section *five* of the Roads Ordinance, 22 of 1957, that Administrator's Notice 1042, dated 9 October 1968, be amended by the substitution for the sketch plans referred to in the said notice of the subjoined new sketch plans with co-ordinates. This notice must be read with Administrator's Notices 282 of 13 March 1968 and 616 of 18 August 1965.

D.P.H. 012-23/20/4/T1-21, Vol. IV.



KO-ORDINATE		CO-ORDINATES.		STELSEL		Ls. 29° SYSTEM		Konstante/Constants +200000-0+9300000-0.	
Y	Eng. Vt. X.	Y	Eng. Ft. X.	Y	Eng. Vt. X.	Y	Eng. Ft. X.	Y	Eng. Vt. X.
L80B	+91585-7+79429-5	DL 5	+51590-6+78205-5	DL10	+51555-1+79276-6	DL17	+39923-1+58563-5	DL22	+39950-6+57619-4
DL1	+51768-4+79438-2	DL 6	+51582-9+78437-5	DL11	+51571-9+78768-4	DL18	+39904-9+58452-5	DL23	+40023-6+57549-2
DL2	+51669-7+79279-9	DL 7	+51488-9+78636-8	DL12	+51528-9+78748-1	DL19	+39911-4+58290-5	DL2A	+39926-5+57448-3
DL3	+51612-6+79100-9	DL 8	+51208-9+78663-4	DL15B	+39861-2+58505-3	DL20	+39984-3+57872-9		
DL4	+51642-1+78209-5	DL 9	+51261-6+78966-0	DL16	+39942-7+58607-7	DL21	+39929-7+57701-7		





KO-ORDINATE/CO-ORDINATES	
STELSEL L0.29° SYSTEM	
Y Eng. Vt./FL. X.	
Konst.	+200000.0+9300000.0
SP28	+40925.7+57765.9
SP29	+40281.7+57075.8
SP30	+38828.3+58490.3
SP31	+39137.2+58325.7
SP32	+39010.6+57314.6
SP33	+38768.5+57215.9
SP34	+38495.9+57211.8
DL2DA	+39980.6+57861.0
R187D	+39421.8+58174.1
R194A	+38735.1+58319.0
R198A	+38517.3+58257.4

KO-ORDINATE

CO-ORDINATES

STELSEL Lo.29° SYSTEM.

Konstante/Constants. +200 000-0 + 9300 000-0 (Eng.Vt./Eng.Ft.)

Y. Eng. Vt. X.		Y Eng. Ft. X		Y Eng. Vt. X.		Y Eng. Ft. X.	
L1	+74443.2+99133.6	L81	+51642.0+79376.8	L158	+39966.5+59147.6	R66	+51854.6+79975.4
L2	+74396.9+98863.9	L82	+51547.1+79267.4	L159	+39853.1+58455.6	R67	+51672.6+79741.0
L3	+74914.3+98656.0	L83	+50440.1+78010.7	L160	+39859.9+58285.0	R68	+51483.4+79512.4
L4	+73829.1+98896.7	L84	+49891.6+77291.8	L161	+39931.3+57876.5	R69	+51390.5+79405.3
L5	+73854.2+98543.2	L85	+49656.4+76965.9	L162	+39825.6+57545.3	R70	+50251.8+78112.7
L6	+73964.2+95109.7	L86	+49574.9+76797.8	L163	+40117.7+57264.5	R71	+49793.2+77614.4
L7	+74034.6+94714.6	L87	+49516.8+76542.6	L164	+40317.1+57035.0	R72	+49299.7+77173.6
L8	+74077.7+94280.0	L88	+49417.0+76861.1	L165	+40205.3+56927.8	R73	+49122.9+77078.8
L9	+73952.6+93872.3	L89	+49402.9+75426.8	L166	+40048.4+57050.9	R74	+48859.4+77055.0
L10	+72332.0+93225.0	L90	+49445.2+75173.1	L167	+39838.0+57258.3	R75	+48604.3+77124.8
L11	+73247.0+93224.2	L91	+49850.4+74206.5	L168	+39761.2+57263.5	R76	+48448.1+77248.2
L12	+72830.0+93156.8	L92	+50301.7+73269.4	L169	+39526.9+57008.3	R77	+48338.0+77413.5
L13	+72624.5+93083.0	L92X	+50366.6+73120.4	L170	+39319.2+56283.3	R78	+47866.5+78214.6
L14	+72332.0+93144.4	L93X	+50191.1+73033.0	L171	+39112.1+55359.4	R79	+47677.7+78550.8
L15	+71853.7+93090.1	L93	+50114.8+73176.6	L172	+39106.9+55359.8	R80	+47438.2+78598.0
L16	+71383.9+92958.1	L94	+49758.9+73893.1	R1	+74233.7+99096.5	R81	+47908.2+77566.2
L17	+70949.4+92770.9	L95	+49013.8+75066.0	R2	+74103.1+98559.6	R82	+48048.3+77117.8
L18	+69786.4+92189.7	L96	+48793.8+75272.8	R3	+73761.4+96996.5	R83	+48056.9+76819.4
L19	+69066.2+91786.3	L97	+48608.4+75344.9	R4	+73595.3+96316.3	R84	+47944.5+75815.3
L20	+68087.7+91312.1	L98	+48409.4+75332.5	R5	+73415.4+95741.5	R85	+47884.8+75605.4
L21	+66940.9+90610.2	L99	+48126.7+75231.0	R6	+73204.2+95275.8	R86	+47789.5+75442.8
L22	+66226.2+90366.2	L100	+47979.2+75110.4	R7	+72557.5+94312.8	R87	+47365.2+74893.0
L23	+65771.4+90102.7	L101	+47506.1+74649.0	R8	+72331.4+94007.2	R88	+46722.5+74106.5
L24	+65515.2+89999.5	L102	+46879.1+73968.6	R9	+72048.6+93737.5	R89	+46349.1+73682.6
L25	+64495.7+89473.6	L103	+46277.6+73285.7	R10	+71751.5+93532.5	R90	+45780.2+73142.8
L26	+64515.3+89313.5	L104	+45908.1+72796.2	R11	+71274.5+92321.3	R91	+45598.3+72923.5
L27	+64461.5+89169.1	L105	+45917.6+72745.5	R12	+70832.9+92996.7	R92N	+45401.8+72997.6
L28	+64354.5+89059.5	L106	+46351.4+72567.3	R13	+69144.3+92125.8	R93N	+45203.2+73072.4
L29	+64019.5+88860.8	L107	+46312.2+72471.8	R14	+68352.5+91697.6	R94N	+45144.6+72929.6
L30	+64072.2+89012.9	L108	+45852.4+72660.6	R15	+68397.2+90669.2	R95N	+45466.4+72790.2
L31	+64298.2+89147.0	L109	+45802.5+72649.4	R16	+65943.9+90499.8	R96	+45473.7+72751.9
L32	+64398.1+89275.0	L110	+45316.9+72045.9	R17	+65686.2+90322.5	R97	+45316.6+72532.2
L33	+64403.3+89426.0	L111	+45133.3+71752.6	R18	+64421.4+89670.1	R98	+45142.1+72160.1
L34	+64343.8+89393.3	L112	+44960.3+71452.5	R19	+64677.7+90443.5	R99	+45033.5+71989.6
L35	+64090.1+89267.6	L113	+44824.6+71188.7	R20	+64580.1+90477.3	R100	+44877.3+71729.7
L36	+63817.5+89137.3	L114	+44726.3+70907.0	R21	+64273.7+89593.9	R101	+44774.5+71555.5
L37	+63542.2+89012.6	L114N	+44598.6+70617.7	R22	+64248.1+89580.7	R102	+44464.9+71031.1
L38	+63264.4+88893.8	L115N	+44549.2+70447.8	R23	+63998.1+89454.9	R103	+44295.3+70662.1
L39	+62984.1+88780.8	L116N	+44331.1+69930.9	R24	+63729.5+89326.4	R104N	+44101.1+70084.9
L40	+62701.5+88673.7	L117N	+44280.2+69703.8	R25	+63458.2+89203.6	R105N	+43999.7+69847.3
L41	+62416.8+88572.6	L118N	+44258.4+69441.4	R26	+63184.3+89086.5	R106N	+43873.2+69597.0
L42	+62130.0+88477.4	L119N	+44249.3+69197.7	R27	+62908.1+88975.2	R107N	+43774.9+69435.4
L43	+61845.1+88388.3	L120N	+44233.3+69025.6	R28	+62629.6+88859.6	R108N	+43589.3+69173.0
L44	+61550.7+88305.2	L121N	+44160.1+68776.3	R29	+62349.0+88769.9	R109N	+43545.3+69162.4
L45	+61258.5+88228.3	L122N	+44176.3+68717.2	R30	+62066.3+88676.2	R110N	+43215.1+69388.3
L46	+60964.7+88157.4	L123N	+44327.9+68614.6	R31	+61781.8+88598.3	R111N	+43093.9+69202.3
L47	+60762.6+88112.5	L124N	+44493.5+68556.8	R32	+61495.4+88506.4	R112N	+43423.4+68997.2
L48	+59203.8+87777.3	L125N	+44542.0+68430.3	R33	+61071.4+88430.3	R113N	+43442.5+68939.1
L49	+58780.5+87652.9	L126N	+44114.1+68449.9	R34	+60917.9+88360.8	R114N	+43381.3+68800.3
L50	+58182.3+87541.7	L127	+43152.1+66490.6	R35	+60718.7+88316.5	R115N	+43391.7+68820.3
L51	+57897.3+87457.3	L128	+43010.6+66110.7	R36	+59355.5+88023.4	R116N	+43379.4+68802.9
L52	+57547.8+87341.7	L129	+42654.7+65735.9	R37	+58656.5+87944.4	R117N	+43301.0+68759.3
L53	+57256.8+87191.7	L130	+42514.4+65229.2	R38	+58374.1+87830.5	R118N	+43177.8+68724.9
L54	+56568.6+86690.2	L131	+42395.5+64947.6	R39	+58131.4+87778.3	L127N	+44041.9+68426.5
L55	+56728.1+86261.9	L132	+42150.1+64525.8	R40	+57834.4+87716.8	L128N	+43684.1+68229.6
L56	+56631.3+86225.9	L133	+42001.7+64393.2	R41	+57265.4+87567.3	L129N	+43591.8+67565.9
L57	+56469.0+86661.7	L134	+41360.8+63374.0	R42	+56981.2+87516.2	SP1	+56799.4+86858.4
L58	+56225.4+86615.8	L135	+41260.1+63229.6	R43	+56286.8+87447.5	SP2	+56999.7+86320.3
L59	+56033.3+86570.1	L136	+41372.8+63110.7	R44	+56128.0+87873.9	SP3	+56742.0+86224.4
L60	+55781.5+86424.9	L137	+41608.3+62941.0	R45	+56031.2+87837.8	SP4	+56569.7+87475.5
L61	+55518.1+86208.0	L138	+41533.6+62842.0	R46	+56189.9+87411.4	SP5	+56108.5+87926.4
L62	+55233.3+85981.1	L139	+41262.2+63046.8	R47	+55926.6+87212.0	SP6	+56366.2+88022.3
L63	+54963.5+85708.2	L140	+41172.9+63088.3	R48	+55649.6+86826.8	SP7	+55852.5+87108.9
L64	+54719.5+85406.5	L141	+41085.7+62938.8	R49	+55532.8+86683.2	SP8	+55884.2+87842.8
L65	+54335.9+84740.2	L142	+40947.5+62678.1	R50	+54642.0+86568.0	SP9	+56011.7+87890.3
L66	+54032.2+84210.8	L143	+40821.7+62411.2	R51	+54376.7+86376.6	SP10	+44430.1+68722.6
L67	+53949.0+83990.6	L144	+40708.7+62138.6	R52	+54116.8+84992.8	SP11	+44504.4+68710.8
L68	+53845.6+83711.1	L145	+40608.6+61861.1	R53	+53848.2+84383.5	SP12	+44559.9+68665.7
L69	+53432.9+82511.1	L146	+40573.0+61665.4	R54	+53742.9+84067.5	SP13	+44608.8+68538.1
L70	+53332.7+82233.5	L147	+40495.7+61484.2	R55	+53648.3+83779.7	SP14	+44526.2+68535.2
L71	+53221.0+81951.5	L148	+40471.4+61389.6	R56	+53235.6+82578.9	SP15	+44557.4+68453.5
L72	+53100.5+81673.3	L149	+40404.0+61099.8	R57	+53137.5+82307.3	SP16	+44619.4+68455.8
L73	+52971.3+81398.9	L150	+40171.5+60062.4	R58	+53028.2+82031.4	SP17	+44671.9+68429.3
L74	+52833.5+81128.8	L151	+40324.8+60071.7	R59	+52910.3+81759.2	SP18	+44677.3+68274.4
L75	+52687.3+80863.1	L152	+40530.5+60077.5	R60	+52783.9+81490.7	RI40	+42938.2+66578.7
L76	+52532.8+80602.1	L153	+40735.4+60057.1	R61	+52649.1+81226.4	RI41	+42780.8+66215.0
L77	+52370.3+80346.1	L154	+40719.1+59934.2	R62	+52506.1+80966.5	RI42	+42610.8+65857.0
L78	+52199.7+80095.3	L155	+40526.1+59953.6	R63	+52354.9+80711.1	RI43	+42428.4+65505.1
L79	+52021.4+79850.0	L156	+40332.3+59948.0	R64	+52195.9+80450.7	RI44	+42366.3+65426.2
L80	+51835.4+79610.4	L157	+40143.3+59936.5	R65	+52029.0+80215.3	RI45	+42219.7+65282.2
R146	+42164.2+65200.7						
R147	+42023.1+64825.9						
R148	+41774.8+64682.7						
R149	+41694.1+64536.3						
R150	+41597.1+64147.3						
R151	+41174.9+63486.4						
R152	+41092.9+63355.7						
R153	+40910.2+63493.5						
R154	+40522.5+63760.1						
R155	+40431.2+63829.0						
R156	+40357.3+63729.5						
R157	+40511.8+63612.9						
R158	+40858.6+63325.4						
R159	+41005.2+63214.8						
R160	+40903.7+63040.8						
R161	+40760.9+62771.5						
R162	+40630.9+62495.6						
R163	+40514.1+62214.0						
R164	+40410.7+61927.2						
R165	+40325.6+61740.5						
R166	+40294.1+61537.8						
R167	+40268.9+61440.0						
R168	+40200.4+61145.4						
R169	+39955.0+60050.4						
R170	+39789.4+60047.5						
R171	+39666.4+60067.2						
R172	+39579.1+60095.5						
R173	+39496.2+60135.0						
R174	+39419.1+60185.0						
R175	+39349.3+60244.6						
R176	+39288.5+60313.8						
R177	+39112.6+60570.9						
R178	+39030.8+60515.4						
R179	+39180.8+60248.5						
R180	+39262.8+60155.7						
R181	+39345.0+60085.6						
R182	+39433.7+60026.8						
R183	+39535.2+59980.4						
R184	+39636.0+59947.1						
R185	+39780.7+59923.8						
R186	+39927.1+59926.1						
R187	+39801.1+59934.0						
R188	+39412.3+58144.5						
R189	+39365.3+58062.8						
R190	+39247.3+58029.8						
R191	+39143.2+58049.7						
R192	+39092.6+58085.6						
R193	+38925.1+58198.5						
R194	+38754.7+58307.2						
R195	+38581.6+						

Administrateurskennisgewing 63 29 Januarie 1969
**KENNISGEWING VAN VERBETERING
 MUNISIPALITEIT RUSTENBURG.—SANITÊRE EN
 VULLISVERWYDERINGSTARIEF**

Administrateurskennisgewing 288 van 20 Maart 1968 word hierby verbeter deur in wysiging 2—

(a) die woord "gevolg" in die inleidende sin van paragraaf (a) deur die woord "volg" te vervang; en

(b) die woord "punt" in paragraaf (a) (v) deur die woord "puin" te vervang.

T.A.L.G. 5/81/31.

Administrateurskennisgewing 64 29 Januarie 1969
PRETORIASTREEK-WYSIGINGSKEMA 176

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel 46 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekendgemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Pretoriastreekdorpsaanlegskema, 1960, te wysig deur die onderverdeling van Erf 204, Dorp Menlo Park, van "Een Woonhuis per Erf" tot "Een Woonhuis per 15,000 vierkante voet".

Kaart 3 en die skemaklousules van die Wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Pretoria, en is beskikbaar op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Pretoriastreek-wysigingskema 176.

T.A.D. 5/2/75/176.

Administrateurskennisgewing 65 29 Januarie 1969
GERMISTON-WYSIGINGSKEMA 3/13

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel 36 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekendgemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Germistondorpsaanlegskema 3, 1953, te wysig deur die herindelings van Gedeeltes 131 en 133 van die plaas Klippoortje 110 IR, wat aan Lamp- en Chaperoneweg en Moorestraat geleë is, van "Algemene Nywerheid" tot "Spesiale Woon".

Kaart 3 en die skemaklousules van die Wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Germiston, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Germiston-wysigingskema 3/13.

T.A.D. 5/2/17/13.

Administrateurskennisgewing 66 29 Januarie 1969
BOKSBURG-WYSIGINGSKEMA 1/45

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel 36 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekendgemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Boksburgdorpsaanlegskema 1, 1946, te wysig deur die herindelings van Gedeeltes 1 tot 3 en 15 tot 24 van Erf 73, dorp Witfield, van "Spesiale Woon" tot "Algemene Woon".

Kaart 3 en die skemaklousules van die Wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Boksburg, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Boksburg-wysigingskema 1/45.

T.A.D. 5/2/7/45.

Administrator's Notice 63 29 January 1969
**CORRECTION NOTICE
 RUSTENBURG MUNICIPALITY.—SANITARY AND
 REFUSE REMOVALS TARIFF**

Administrator's Notice 288, dated 20 March 1968, is hereby corrected by the substitution in amendment 2 of the Afrikaans text—

(a) for the word "gevolg" in the introductory sentence of paragraph (a) of the word "volg"; and

(b) for the word "punt" in paragraph (a) (v) of the word "puin".

T.A.L.G. 5/81/31.

Administrator's Notice 64 29 January 1969
PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME 176

It is hereby notified, in terms of subsection (1) of section 46 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, for the subdivision of Erf 204, Menlo Park Township, from "One Dwelling per Erf" to "One Dwelling per 15,000 square feet".

Map 3 and the scheme clauses of the Amendment Scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Pretoria, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Pretoria Region Amendment Scheme 176.

T.A.D. 5/2/75/176.

Administrator's Notice 65 29 January 1969
GERMISTON AMENDMENT SCHEME 3/13

It is hereby notified, in terms of subsection (1) of section 36 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Germiston Town-planning Scheme 3, 1953, by the rezoning of Portions 131 and 133 of the farm Klippoortje 110 IR, which are situated on Lamp and Chaperone Roads and Moore Street, from "General Industrial" to "Special Residential".

Map 3 and the scheme clauses of the Amendment Scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Germiston, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Germiston Amendment Scheme 3/13.

T.A.D. 5/2/17/13.

Administrator's Notice 66 29 January 1969
BOKSBURG AMENDMENT SCHEME 1/45

It is hereby notified, in terms of subsection (1) of section 36 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Boksburg Town-planning Scheme 1, 1946, by the rezoning of Portions 1 to 3 and 15 to 24 of Erf 73, Witfield Township, from "Special Residential" to "General Residential".

Map 3 and the scheme clauses of the Amendment Scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Boksburg, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Boksburg Amendment Scheme 1/45.

T.A.D. 5/2/7/45.

Administrateurskennisgewing 67

29 Januarie 1969

FOCHVILLE-WYSIGINGSKEMA 1/10

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) van artikel 36 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekendgemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Fochville-dorpsaanlegskema 1, 1958, te wysig deur die herindelings van Erf 143, dorp Fochville, van "Spesiaal" met 'n digtheid van "Een Woonhuis per Erf" tot "Algemene Besigheid" met 'n digtheid van "Een Woonhuis per Erf".

Kaart 3 en die skemaklousules van die Wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria, en die Stadsklerk, Fochville, en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Fochville-wysigingskema 1/10. T.A.D. 5/2/90/10.

Administrateurskennisgewing 68

29 Januarie 1969

MUNISIPALITEIT STANDERTON.—WYSIGING VAN DORPSGRONDVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Dorpsgrondverordeninge van die Munisipaliteit Standerton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 303 van 5 Mei 1965, word hierby gewysig deur in artikel 38 die bedrag "5c" deur die bedrag "10c" te vervang. T.A.L.G. 5/95/33.

Administrateurskennisgewing 69

29 Januarie 1969

MUNISIPALITEIT POTCHEFSTROOM.—WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordening hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Potchefstroom, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1044 van 19 November 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item (a) van die Tarief van Gelde onder Aanhangel XIV van Bylae 1 by Hoofstuk 3, deur die volgende te vervang: —

“(a) *Vorderings vir die Lewering van Water in Enige Afsonderlike Maand*

(i) Alle verbruikers met uitsondering van dié genoem in subitem (ii) tot en met (v): —

(aa) Vir die eerste 5,000 gellings gelewer, per 100 gellings: 3·75c.

(bb) Daarna, per 100 gellings gelewer: 3·125c.

(cc) Minimum vordering per maand of gedeelte daarvan: 75c.

(ii) Alle erkende sportliggame wat hulle gronde van die Raad huur: —

(aa) Vir die eerste 50,000 gellings gelewer, word die gelde ingevolge subitem (i) gehef.

(bb) Daarna, per 100 gellings gelewer: 2·25c.

(iii) Dié Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie: —

(aa) Vir die eerste 5,000 gellings gelewer, per 100 gellings: 3·25c.

